H. B. Thom.

191. T. 7 (109)

# UNIVERSITEIT, MAATSKAPPY, GEMEENSKAP

(spesiale verwysing na die Universiteit van Stellenbosch)

*****

Deur Prof. H.B. Thom

(Intreerede, as Kanselier; H.B. Thom-teater, Stellenbosch, 6 Mei 1983, 20h00)

*****

Voors. Rektor. ARU Kanseliers & Rektore Dosente en Studente Besoekers

Ten eerste: my opregte waardering aan die Rektor, prof. De Vries, vir sy warme woorde aan my adres. Dit is my bede dat sy goeie wense bewaarheid mag word.

My dank en waardering ook aan die Universiteit vir hierdie luisterryke funksie om aan my verkiesing tot kanselier beslag te gee. Ek waardeer die aanwesigheid van elkeen; veral die aanwesigheid van verteenwoordigers van ander universiteite, en onder hulle insonderheid dié van kanseliers en rektore. ~~Deur die jare het ek by ons universiteite, sowel Engels- as Afrikaanstalig, goeie vriende gevind; en ek stel dit ten seerste op prys dat verskeie van hulle vanaand hier is.~~

Universiteitsgeleenthede soos hierdie is, in die woorde van 'n ou Amsterdamse kennis, gewoonlik maar "solemnele occasies." En nou moet ek nie aan die solemniteit afbreuk doen nie, maar 'n verwysing na 'n relevante ervaring sal my seker vergun word.

Toe ek lank gelede Rektor van die Universiteit van Stellenbosch geword het, het 'n goeie ou vriend, liewe, goed-geaarde mens, my gelukgewens: "Hartlik geluk, u het Rektor geword; dis baie werk, maar dis gelukkig darem nie swaar werk nie." Nou, byna dertig jaar later, het ek Kanselier geword, en 'n ander ou vriend, ook liewe, regskape mens, het my gelukgewens: "Hartlik geluk, u het Kanselier geword; dis nie baie werk nie, maar dis ongelukkig 'n harde, veeleisende taak." - 'n Bietjie verwarrend, maar ten slotte darem vertroostend vir rektore; ofskoon weer minder vertroostend vir kanseliers!

Dit pas my - en dis tegelyk 'n behoefte - om opregte erkentlikheid uit te spreek teenoor die Konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch, wat dit goedgevind het om my in die onderhawige posisie te plaas. Dat die Konvokasie, wat ooreenkomstig die Statuut van die Universiteit met die betreffende bevoegdheid beklee is, my tot hierdie posisie geroep het, is 'n feit waarvoor ek gevoeligheid het, want die Konvokasie bestaan hoofsaaklik uit die gegradueerde studente en oud-studente van die Universiteit, dus uit 'n groot groep mense tot wie ek self ook behoort, en in wie ek, intellektueel gesproke, my geesgenote sien.

Ek bly my ook terdeë bewus daarvan dat die Konvokasie my geplaas het in 'n ry van manne aan wie ons met dankbaarheid dink. Daar was voorheen agt kanseliers:

*Prof. J.I. Marais*, ~~kalme mens, fyne intellektuele gees, gewaardeerde leier in Kerk en Onderwys;~~

*Prof. P.J.G. de Vos*, ~~rysige gestalte, indrukwekkende volbaard, vaderfiguur, wie se woord tot nadenke gedwing het;~~

*Hoofregter Jacob de Villiers*, ~~model-persoonlikheid, sieraad van die regbank, toonbeeld van reg en geregtigheid;~~

*Prof. A.A. Moorrees*, ~~prins onder die redenaars, vriend van die jeug in Kerk en Universiteit, ferme leier van oud en jonk;~~

*Dr. J.D. Kestell* - Vader Kestell - ~~setlaar-seun, beminlike volksfiguur, sielesoeker in oorlog en in vrede, onvergeetlik vir Afrikaans- en Engelssprekende;~~

*Dr. D.F. Malan*, onkreukbare Afrikanermens, vader van die gevleuelde woorde: *Stellenbosch staan vir 'n idee*, ~~liefhebber en vriend van wat aan Suid-Afrika eie is;~~

*Dr. T.E. Dönges*, ~~verfynde mens, voorbeeld in stryd en spel, tragies in heengaan maar blywend in besieling; en~~

*Dr. B.J. Vorster*, man van geeskrag en woordkrag, vreesloos in die politiek, onberispelik lojaal in vriendekring; min sal weet wat hy vir die Universiteit van Stellenbosch beteken het.

Aan my voorgangers wil ek opregte hulde bring. ~~Wanneer 'n mens aan hulle dink, word jy vervul met 'n gevoel van tegelyk weemoed en vreugde, tegelyk ontsag en liefde. Veral met my is dit só.~~

~~Want~~ Ek het almal gesien, en vyf van die agt het ek goed geken. ~~Ek besef waar die Konvokasie my geplaas het. In nederige dankbaarheid wil ek volg op die pad wat my voorgangers aangewys het.~~

Soos hulle gedoen het, wy ook ek my met vreugde aan die diens van die Universiteit van Stellenbosch. Ek doen dit nie omdat ek dink dat Stellenbosch die beste universiteit in die wêreld is nie, of ook noodwendig die beste universiteit in Suid-Afrika nie; immers, dit sou sielig van my wees om só te dink. Maar ek doen dit omdat Stellenbosch 'n trotse rekord van diens het, en omdat hy vasbeslote is om daardie rekord ook in die toekoms uit te lewe.

By onderwerp: Universiteit, Maatskappy, Gemeenskap, spes. Stell.

'n Universiteit bestaan nie maar ter wille van homself nie; hy bestaan ter wille van ander: om tot die geluk en welvaart van die maatskappy by te dra. Die dae van die Middeleeuse Skolastiek is lankal verby, en eweso die dae van Sainte-Beuve se *tour d'ivoire*. Ook die romantiese, geïdealiseerde siening van die bekende Duitse universiteitsman, C.H. Becker, word bevraagteken: "Die Universität ist eine Art von Gralsburg der reinen Wissenschaft. Ihre Ritter ... durchwandern und durchforschen die ganze welt." Hierdie siening, so populêr in Westerse lande rondom die negentiende eeuewending, hou nie meer steek nie. Praat ons vandag van die universiteit, dan vra ons om veel meer rede en realisme. Maar ons aanvaar darem ook nie die mening van Theobald Ziegler nie, wat gemoedelik geskryf het: "Die Universität ist wirklich ein rechtes Professorenparlament - es wird da gesprochen und gesprochen und gesprochen!"

Onder die inwerking van dwingende nuwe faktore het universiteite veel meer in die diens van die maatskappy gekom. Sir Walter Moberley, bekend veral om sy *Crisis in the University*, het bevind: "Since the heyday of Liberalism new influences are at work, and have acquired an enormous, and for many purposes a dominating, importance. These are the rise of applied science and technology and the growing democratization of the universities." Ons kan hier ook die bevinding van ons eie Van Wyk de Vries-kommissie aanhaal: dat dit die ware funksie van die

universiteit is "om in sy vryheid akademies intens bedrywig te wees in verband met die staatkundige lewe, die landsbeleid, die kultuur, die tradisie van die volk, of hy daarvan verskil of nie." ~~en verder "om op te voed en te vorm, die student bepaalde karaktereienskappe by te bring waaronder wetenskaplike gesindheid en eerlikheid, wetenskapsbeskouing, deursettingsvermoë en geestelike hardwerkendheid."~~

Die veronderstelling is seer seker nie dat die universiteit - soos die Van Wyk de Vries-kommissie dan ook terloops opgemerk het - 'n ja-broer van die maatskappy moet wees nie, dat hy moet sê net wat die maatskappy verlang nie, en dat hy moet goedpraat alles wat die maatskappy doen nie. Dit is die taak van die universiteit om bestaande kennis te versamel, te sistematiseer en krities te evalueer; om op onbevange wyse nuwe kennis te soek; en om kennis aan belangstellendes op so 'n wyse oor te dra dat dit verdere studie, ondersoek en selfstandige denke en meningsvorming sal stimuleer. In dit alles sal die universiteit hom egter, eerlik en opreg, voortdurend daarvan rekenskap moet gee of hy nog die ware dienaar van sy maatskappy is; en of hy nie die grense van positiewe geestelike en materiële diensbaarheid oorskry het nie, miskien tot so 'n mate selfs dat hy, ekstreem gestel, die herout van gesofistikeerde nihilisme geword het.

Die universiteit het egter nie net met die maatskappy te doen nie; hy het in die meeste gevalle veral ook met 'n besondere gemeenskap binne die maatskappy te doen. Uit die geskiedenis weet ons dat universiteite meermale ontstaan vanweë die besondere behoeftes van bepaalde gemeenskappe, bv. volksgemeenskappe, kerkgemeenskappe, kultuurgemeenskappe. Ook in Suid-Afrika is dit die geval. Op grond van getuienis het die Van Wyk de Vries-kommissie gekonstateer dat 'n wesenselement van ons universiteitswese geleë is in "die nasionale verbondenheid van die Universiteit en in enger verband, sy vervlegting met 'n bepaalde gemeenskap." In Suid-Afrika, met sy verskillende, uiteenlopende gemeenskappe, is dit 'n heel verstaanbare verskynsel.

Dit is deel van ons geskiedenis dat die Universiteit van Stellenbosch die akademiese tuiste van jongmense van veral die Afrikanergemeenskap geword het. Stellenbosch is die bewys van die geestelike behoeftes van jong Afrikaners - vanaf die Teologiese Kweekskool van die N.G. Kerk, deur die Stellenbossche Gymnasium, die sg. Arts Department, die Stellenbosch College, die Victoria-Kollege, tot en met die Universiteit van Stellenbosch. Dit word sprekend uitgebeeld in die indrukwekkende werk wat die Universiteit sewentien jaar gelede in die lig gegee het, Stellenbosch 1866 - 1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys. 'n Mens mag jou in die Geskiedenis nie van hipoteses bedien nie, maar ek waag dit om, sonder vrees vir teenspraak, te sê dat as dit nie vir die behoeftes van jong Afrikaners was nie, die Universiteit van Stellenbosch nie daar sou gewees het nie. ~~Wil Stellenbosch sy ware *raison d'être* identifiseer, dan kan dit net één ding wees: die intellektuele, kulturele en opvoedkundige behoeftes van jongmense uit Afrikanerhuise~~.

In hierdie verband kom spontaan na vore die gevleuelde woorde, wat reeds in verband met dr. Malan genoem is: *Stellenbosch staan vir 'n idee*. Hierdie woorde is al baie aangehaal, verstandig gebruik maar ongelukkig soms ook misbruik. Dit is mooi, treffende woorde, maar 'n mens moet met begrip en verantwoordelikheid daarmee omgaan. Dit is nie maar 'n populêre leuse wat tydig en ontydig op 'n banier omhoog gesteek word nie.

In 1913 het daar wesenlike gevaar bestaan dat die Victoria-Kollege deur 'n sameloop van omstandighede kon verdwyn. 'n Driemanskap bestaande uit prof. A.A. Moorrees, dr. D.F. Malan en mnr. (later dr.) J.G. van der Horst, het met 'n beredeneerde memorandum na vore gekom, wat in die eerste plaas deur dr. Malan opgestel was en ten slotte verreikende gevolge gehad het. Ten aansien van die Victoria-Kollege lui dit daarin o.a.:

"(zij) is sinds jaren innig verbonden met het geestelik, zedelik en nationaal leven van het Hollandssprekende gedeelte van het volk. Zij is de plaats, waar het Afrikanervolk zijn idealen het best kon verwezenliken en van waar uit het de grootste invloed op Zuid-Afrika kon uitoefenen. Zij is de beste vervulling,

die het volk nog gevonden heeft van een diepgevoelde behoefte. Zij staat voor een idee! Zij is daarom voor het volk geworden niet een blote opvoedingsinrichting onder andere, maar een symbool en de waarborg van zijn eigen krachtig, groeiend, uitdrukking zoekend nationaal leven." 'n Mens let daarop dat die stuk opgestel is om die voortbestaan van die Victoria-Kollege te verseker; dat dit in welgekose, versigtige woorde ingeklee is; en dat dit in 'n besliste Afrikaanse sentiment gefundeer is.

Oor die betekenis van die genoemde gevleuelde woorde hoef daar geen onduidelikheid te bestaan nie. Waar daar sprake is van 'n idee verbonde aan Stellenbosch, beteken dit eenvoudig dat Stellenbosch die opvoedingsinrigting is waar Afrikaners hulle tuis voel, en waar die fasiliteite gebied word om hulle vir die lewe voor te berei en hul eie volksgevoel te voed. Só het dr. Malan en sy medewerkers Stellenbosch in 1913 gesien; en só ook tal van ander wat daarna aan die Universiteit help bou het.

Ek ag my gelukkig dat dit ook my beskore was om aan die opbou van die Universiteit deel te hê. Tydens die jare van my rektorskap, toe ek o.a. met die vestiging van vier nuwe fakulteite aan die die Universiteit gemoeid was, het ek primêr aan die behoeftes van die Afrikanergemeenskap gedink, maar vanselfsprekend ook aan dié van die Suid-Afrikaanse maatskappy as geheel. En ek het vreugde daarin gevind om tussen die belange van gemeenskap en maatskappy 'n diep-liggende harmonie te ervaar, iets wat my taak des te sinvoller en genotvoller gemaak het.

'n Mens moet ook daarop let dat daar in dr. Malan se idee waarvoor Stellenbosch staan, niks eksklusiefs is nie, en niks vyandigs teenoor nie-Afrikaners nie. Hy en sy medewerkers het nooit gesê, en nooit bedoel, dat Stellenbosch by uitsluiting van ander, net aan die Afrikaner behoort nie. Hulle praat sterk en reguit, maar hulle praat onmiskenbaar positief en sê of impliseer niks tot nadeel van ander nie.

In ons hedendaagse situasie beteken dit dat, solank die basiese historiese karakter van Stellenbosch bewaar bly, daar niks teen kan wees om ook anderstaliges op te neem nie, of op selektiewe basis selfs ook anderskleuriges nie, d.w.s. mits hulle oor die nodige toelatingskwalifikasies beskik en aan die geldige wetsvereistes voldoen. Die laaste moet ek beklemtoon, want - soos wyle dr. Tom Davie, in lewe Prinsipaal en Vise-kanselier van die Universiteit van Kaapstad, by geleentheid aan my gesê het - 'n universiteit mag, al stem hy nie met die landswet saam nie, nie 'n baanbreker van wetsoortreding wees nie. 'n Aantal anderstaliges en anderskleuriges kan vir jong Afrikaners miskien 'n bietjie konkurrensie op hul kampus meebring, maar daar lê geen kwaad in nie; en eerder kan dit hulle geestelik verskerp en aanspoor. Ons moet oppas dat dr. Malan se woorde nie verkeerd vertolk word nie: dit mag nie dien tot knusse akkommodasie van 'n selfvoldane gees nie; dit moet eerder aanspoor tot doelgerigte toewyding en noeste arbeid.

Dit laat my aan Langenhoven dink. In sy *Burger*-rubriek, *Aan Stille Waters*, het hy met universiteitsdosente die draak gesteek: ~~hulle sny met 'n skêr gedigte uitmekaar, lym dit weer met 'n gompot aanmekaar, en dan noem hulle dit 'n bloemlesing! Met geleerde mense in die algemeen - "hulle met hul hoë titels" - het hy maar lekker gespot: hy loop Adderleystraat af en tussen die mense 'n entjie voor hom uit sien hy 'n ou vriend, wat 'n paar jaar in Duitsland was en 'n doktorsgraad verwerf het; hy wil aan sy vriend verskuldigde eer bewys en roep: "Haai Doktor ..." - toe kyk helfte van die mense om!~~

Dan bied Stellenbosch hom 'n ere-doktorsgraad aan. Hy sal dit nooit aanvaar nie, het baie van ons gedink. Maar hy aanvaar dit met trots. Ek en 'n paar ander jong dosente loop hom in Van Riebeeckstraat raak. Ek groet hom ewe deftig: "Goeie middag, Doktor!" Dan kyk hy ons stip aan, en laat volg in afgemete woorde: "Doktor, ja; maar net doktor van Stellenbosch, hoor!" Daarna, verder in sy ietwat krakerige stem: "My jonge vriende, Stellenbosch het my geleer om vir my mense te sorg, en sommer vir my hele land ook - 'arbeid adel'."

Die taak van die universiteit - met name van Stellenbosch - as dienaar van maatskappy en gemeenskap, is nie altyd maklik nie; en die universiteit het vandag inderdaad met moeilike struikelblokke te kampe gekry. Ek meen dat ek bevoeg is om hier met kennis van sake te praat, aangesien ek maar onlangs ná agt jaar as voorsitter van die Adviserende Raad op Universiteite uitgetree het, en dus lank in 'n gunstige posisie was om met die omstandighede van universiteite nader kennis te maak. Laat ek net 'n paar struikelblokke uitlig.

So dertig-veertig jaar gelede het ons universiteite finansieel baie swaar gekry. Die Holloway-kommissie is egter ~~toe~~ aangestel, wat met behulp van 'n formule 'n nuwe finansieringsbeleid vir universiteite bewerkstellig het, waardeur hulle aansienlike verligting gekry het. Tien jaar gelede het weer die Van Wyk de Vries-kommissie gevolg, wat in die lig van veranderde omstandighede knelpunte in die Holloway-formule geïdentifiseer het, en getrag het om dit deur verdere verfyning uit te skakel. Met die nodige oorleg kon universiteite tot sowat vyf jaar gelede 'n redelik kommerlose bestaan voer, en selfs met betekenisvolle nuwe aktiwiteite 'n begin maak.

Onder die omstandighede van die afgelope paar jaar het sake egter weer radikaal verander. Dit het my ongelukkig gestem dat ek as voorsitter van die ARU, by geleentheid van besoeke aan universiteite, rektore en ander universiteitsverteenwoordigers soms vrywel moes forseer om ten gevolge van bevindings van die Tesourie, hul finansiële aansoeke radikaal in te kort.

Die toestand het in Suid-Afrika wel nog nie so erg soos in sommige ander lande geword nie. In Amerika moes, volgens universiteitsberiggewing in koerante en tydskrifte, bv. trotse ou private universiteite, wat hulle jarelank daarop beroem het dat hulle geen owerheidshulp kry, en dit ook nie wil hê nie, feitlik met die hoed in die hand na die Staats- en Federale regerings om hulp gaan. En in Groot-Brittanje is universiteite, volgens berigte in bv. die *Higher Education Supplement* van *The Times*, deur meedoenlose staatsbeslissings eenvoudig gedwing om ingrypende besuinigings aan te bring deur o.a. universiteitsdepartemente te sluit, dosente se dienste te beëindig, en bouprojekte summier stop te sit. ~~By die Universiteit van Londen~~

~~is by geleentheid in die middel van die bouwerk ingegryp: steierwerk is vereers van die onvoltooide mure gehaal en bou-materiaal en -toerusting van die perseel verwyder.~~

Die wete dat dit op plekke in ander lande moeiliker gaan, help ons om perspektief te kry, maar dit maak ons probleem nie makliker nie. Dit het vandag gewees gebiedend geword dat die staat weer ernstig na die finansiering van universiteite kyk: in die lig van stabiliserende studentegetalle sal daar 'n subsidieformule moet kom wat minder getalle-georiënteerd is; met die oog op kwaliteit sal nagraadse studente sinvoller gesubsidieer moet word; ter bevordering van navorsingswerk sal daar 'n heelwat beter navorsingskomponent moet wees; en so is daar ook ander sye van universiteitsubsidiëring wat aandag sal moet kry. Teen die einde van my tyd by die ARU is sommige van hierdie punte reeds in oënskou geneem; en 'n mens is dankbaar om te weet dat die Raad tans baie aktief met hierdie saak besig is.

X) —

X) Ek is veral ook dankbaar om kennis te neem van 'n mededeling wat die Minister van Nasionale Opvoeding verlede Maandag (2 Mei) in verband met 'n moontlike nuwe subsidieformule in die Volksraad gedoen het. Dit lyk my dat, as die nuwe formule in noue samewerking met die universiteite ingevoer word, dit veel sal kan doen om finansiële knelpunte vir die universiteite te verlig.

~~verdienste wat die Van Wyk de Vries-Kommissie altyd toegereken sal word, is dat hy, in sy *Tussentydse Verslag* en sy *Hoofverslag*, hierdie feite in helder daglig gestel het.~~

'n Tweede struikelblok waarmee vandag geworstel word, is 'n tekort aan onderlegde mannekrag. Vanweë die verskerpte vraag na goed-opgeleide kragte buite die universiteite, en veral goeie salarisse wat aangebied word, vind universiteite dit moeilik om

poste van dosente en navorsers met mense van die nodige gehalte te vul. Veral in sekere vakgebiede het daar 'n krisis-toestand ontstaan: dit is die ondervinding van al die betrokke universiteite dat poste in verband met bv. natuurwetenskappe, handelswetenskappe, ingenieurswese en geneeskunde dikwels heeltemal tevergeefs geadverteer word.

Ook het studentegetalle tot 'n paar jaar gelede skerp gestyg, tot so 'n mate dat sommige universiteite hul inskrywings binne 'n dekade vrywel verdubbel het, met die noodwendige gevolg dat veel meer dosente noodsaaklik geword het. Hierby moet 'n mens in aanmerking neem dat daar in die loop van ongeveer twintig jaar in die RSA en aangrensende nasionale state twaalf nuwe universiteite gestig is, wat hul gespesialiseerde mannekrag grotendeels uit Suid-Afrika gekry het; en ook nog dat die getal afgestudeerde kragte, wat vir ons eie universiteite beskikbaar geword het - *Nachwuchs* soos die Duitsers sê - betreklik gering was.

In die lig van dit alles sal 'n mens verstaan dat ons hulpbronne aan goed-onderlegde universiteitsmannekrag tot die uiterste geëksploiteer is en werklik boomskraap geraak het. 'n Mens is tans verplig om jou af te vra, al is ons ook dankbaar vir die mannekrag wat nog verkry word, of ál die manne en vroue wat aan universiteite aangestel word, wel oor die gewenste kwalifikasies beskik. Persoonlik het ek verlig en dankbaar gevoel toe die Wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister tot die bevinding gekom het dat die RSA nie verdere universiteite nodig het nie; en veral ook toe die Van Wyk de Vries-kommissie, na onafhanklike ondersoek, dié bevinding bevestig het.

'n Ander probleem staan in verband met navorsingswerk. Ek het reeds terloops daarna verwys, en gemeld dat die universiteit ook hierdeur sy maatskappy en gemeenskap dien. Dit geld op ooglopende wyse vir navorsing op die gebied van vakke wat 'n praktiese toepassing kan hê, soos geneeskundige, tandheelkundige en ingenieursvakke, handelswetenskaplike vakke, landbou-, bosbou- en veeartsenykundige vakke. Maar dit geld in geestelike sin tog ook eweseer vir vakke van 'n geesteswetenskaplike aard, soos taal- en letterkunde, wysbegeerte, geskiedenis, aardryks-

kunde, teologiese vakke en andere. Sir Francis Bacon, Engelse staatsman en wysgeer, wat veral daarvoor bekend is dat hy - met sy klem op die induktiewe metode - die groot baanbreker van die empirisme geword het, het reeds byna vier eeue gelede van die wetenskap gepraat as *ars inveniendi*, die kuns om uit te vind. Hiermee het hy op lakonieke wyse tegelyk een van die hooftake van die universiteit saamgevat.

Universiteite wil goeie, egte navorsingswerk doen; hulle wil resultate bring wat respek sal afdwing en sal bly staan. Hulle kan nie soos 'n vroeëre parlementêre kandidaat wees, wat in die middel van 'n verkiesingsveldtog 'n warm vergadering toegespreek het nie. Hy het baie statistieke aangehaal; toe kom daar 'n stem uit die gehoor: "I question your figures!" Paraat en selfversekerd reageer die kandidaat: "What, you question my figures, do you! Well, remember, these figures are not my figures, they are the figures of a man who knows what he is talking about."

Ek was besonder getref deur 'n bydrae wat prof. Hubert Markl, vise-voorsitter van die invloedryke Deutsche Forschungsgemeinschaft, onlangs tot *Forschung*, amptelike spreekbuis van die Gemeinschaft, oor die aard van ware navorsing gelewer het. Na 'n lang betoog, waarin hy 'n verskeidenheid van insiggewende gesigspunte na vore bring, kom hy tot die eenvoudige maar veelseggende konklusie: "Gute Forschung ist also verständlich, verlässlich, innovativ und stimulierend" - verstaanbaar, betroubaar, vernuwend en stimulerend. Dit is 'n bevinding wat ons vandag seker terdeë ter harte kan neem.

Dit is nie onvanpas om in hierdie verband 'n waarskuwing te laat hoor nie, wat gekom het van 'n Nederlandse geleerde, dr. H.G. van Bueren, voorsitter van die Raad van Advies voor het Wetenschapsbeleid in Nederland. Hy het dit gehad oor onnodige rompslomp en geldbesteding, wat in navorsingsbeheer en -finansiering ingetree het. Volgens die Nederlandse blad, *Universiteit en Hogeschool*, het hy o.a. verklaar: "... lijkt het mij dringend gewenst dat de universiteiten niet alleen aandacht schenken aan hun onderzoeksbeleid maar vooral ook aan hun onderzoeksmanagement.

Een goede managementstructuur kan en zal voorkomen dat beleid ontaardt in bureaucratie; dit is het geheim van de grotere efficiëntie van de industriële research vergeleken met die van de overheid ... ~~"De Zucht tot planning, zo populair in het universitaire circuit, zal zonder receptief 'science management' ... maar al te gemakkelijk leiden tot verstikking. ..."~~ - Ook vir ons is dit gerade om ons af te vra of beplanning, beheer en administrasie van navorsing nie soms fondse opeis wat aan die navorsing self beter bestee sou gewees het nie.

Egte, onbevooroordeelde navorsing skep vir universiteite soms 'n moeilike dilemma: hul werkers kom soms by gevolgtrekkinge uit wat, vanweë gewone, populêre opvattinge, vir die maatskappy of hul onderskeie gemeenskappe nie aanvaarbaar is nie. Ek het persoonlik hiervan ervaring gehad. Dit was gedurende die vroeë dae van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (Sabra), toe ons tot sekere bevindinge gekom het wat, soos ons goed geweet het, deur die Afrikaanssprekende gemeenskap, en miskien die oorgrootste gedeelte van die Suid-Afrikaanse maatskappy, nie goedgekeur sou word nie. Ons was begryplikerwyse bekommerd dat ons uitkomste verkeerd vertolk kon word en miskien onnodige verdeeldheid en stryd kon veroorsaak.

Die plig het op my gerus om as voorsitter saam met 'n paar ander bestuurslede die Eerste Minister, mnr. Strijdom, te gaan spreek. In sy kantoor in Kaapstad het ons 'n lang en openhartige gesprek gevoer; en ten slotte het hy geantwoord: "Julle is universiteitsmense. Dit is jul taak om leiding te gee. Moenie julle kwel as julle soms voor die volk uit is nie." ~~- Vandag mag ek maar sê dat dit destyds om die begrip van Bantoetuislande, tans nasionale state, gehandel het.~~

Ons sal van die feit nie wegkom nie: deur eerlike ondersoek bewys universiteitsmense 'n diens aan hul land en mense. Maar inmiddels bly dit ook waar dat hulle verstandig sal handel om met hul bevindinge, veral as dit afwykend van aard is, diskreet om te gaan, dit vir wetenskaplike werke of tydskrifte te reserveer, en dit nie aan die groot klok te hang waar dit maklik tot onnodige, "heerlike" sensasie aanleiding kan gee nie.

Laat ons op nog 'n feit let, wat vir universiteite, met name ook vir Stellenbosch, die taak van dienslewering nie makliker maak nie. ~~Ons ken almal studente.~~ Ons weet dat die oorgrote meerderheid jongmense met bruisende geesdrif, warme belangstelling en weetgierige gees is; dat vir baie die studiejare 'n tyd van *Sturm und Drang* is; en dat baie met eie teorieë kom. Laat ons maar eerlik wees: met ons, ons wat vandag die waardige ouer geslag uitmaak, was dit in ons studentedae ook maar só; en - laat ons maar byvoeg - dit sou jammer gewees het as dit nie so was nie.

Dit lê immers in die wese van 'n universiteit dat hy die atmosfeer moet bied waarin gees teen gees geslyp, gedagte teen gedagte gesuiwer, en standpunt teen standpunt getoets word; en as dit by 'n universiteit nie só is nie, is daardie universiteit nie waarlik universiteit nie. Aangesien jongmense uit verskillende dele van die land kom, uit huise met radikaal verskillende oortuiging en agtergrond; en aangesien hulle as studente nou vryheid geniet om te praat, te studeer en eie menings te vorm, lê dit voor die hand dat hulle met redenasies, verklarings en skrifstukke vorendag sal kom, wat nie altyd met die rype gedagtegange van ouer, meer ervare mense sal strook nie.

Dit bring my by die punt wat ek graag hier wil beklemtoon: Ek meen dat daar in Suid-Afrika 'n onnodige gevoeligheid - byna geraaktheid - bestaan oor sommige menings, verklarings en besluite wat van studentekringe uitgaan, byna asof dit in die dimensie van *la haute politique* geplaas word. Baie van die briewe wat na aanleiding van studente-optrede in koerante verskyn het, en selfs sommige verwysinge daarna in die Parlement, was m.i. heeltemal ongeregverdig.

Dit moet goed begryp word dat ek bandeloosheid, permissiwiteit en dies meer nie goedkeur nie; inteendeel, ek glo in dissipline en erkende norme; en ek meen, in alle beskeidenheid, dat my sestien jaar as Rektor op Stellenbosch genoeg bewyse hiervan gelewer het, maar ek pleit vir begrip van jongmense wat aan die universiteit 'n belangrike vormingstyd deurgaan; en begrip

vir die feit dat hulle die nodige vryheid gelaat moet word om hulle des te beter vir hul lewenstaak voor te berei. Slegs wanneer die wette van die land oortree, of die universiteit se besluite rakende orde, ordentlikheid en wellewendheid geminag word, moet daar handelend opgetree word; en dan kan dit goedskiks in die hande van die staat en die universiteit self gelaat word.

Hiermee het ek vrywel alles gedek wat ek onder my tema in gedagte gehad het~~: hulde aan my voorgangers, die universiteit se diens aan maatskappy en gemeenskap, die idee van Stellenbosch, en struikelblokke in die weg van universiteite, rakende bv. fondse, mannekrag, navorsing en studenteoptrede.~~ Daar bly 'n laaste punt oor, waarmee ek wil afrond.

As ek om my heen kyk, sien ek op sosiale, ekonomiese en politieke terrein vandag groot dinge in Suid-Afrika gebeur: dis of ons in die uitsonderlike posisie gekom het om die oorgang van een historiese tydperk na 'n ander gade te slaan; of ons 'n nuwe Suid-Afrika voor ons oë sien verrys. 'n Ou vriend het onlangs teenoor my opgemerk dat ons in 'n "onhistoriese" tyd staan, bedoelende dat ongewone dinge van diepgaande betekenis so vinnig gebeur dat die gewone verloop van sake ingrypend verstoor word. Maar hiermee kon ek nie saamstem nie; eerder bevind ek die teenoorgestelde: dat ons juis 'n "historiese" tyd beleef. Want dit is veelal nie die gewone, die rustige, die bekende alledaagse wat meebring dat 'n bepaalde tyd later as 'n "historiese" tyd aangemerk word nie, maar juis die ongewone, die diepgaande, die wegbreek van die geykte alledaagse, soos dit deur veranderde omstandighede noodsaaklik gemaak word.

Ek was enige tyd gelede in 'n geselskap waar die Eerste Minister die woorde van Langenhoven aangehaal het: "As julle my nie kan help nie; moenie my hinder nie." Daarmee wou hy nie sê dat almal noodwendig met hom moet saamstem nie; inteendeel, hy het al dikwels verhelderende bespreking en opbouende kritiek verwelkom, en ook openhartig gevra dat mense wat meen dat hulle iets beters as hy kan aanbied, na vore moet kom. Dít is die

uitnodiging van die Eerste Minister; dit is vandag ook die uitnodiging van die groot maatskappy in ons land; en die uitnodiging van elke besondere gemeenskap wat die ware welsyn van Suid-Afrika op die hart dra.

Die uitnodiging kom veral ook tot ons universiteite, hulle wat oor die beste breinkrag beskik en uitnemend toegerus is om ooreenkomstig 'n ou tradisie onbevange te ondersoek en vreesloos, dog kalm en verantwoordelik, hul resultate te bring - al is dié ook, soos mnr. Strijdom gesê het, "soms voor die volk uit." Daartoe is universiteite in 'n veel gunstiger posisie as die politieke leier, wat sy kieserskorps met hom moet saamneen en vernuwing moet bring op die gevaar af dat hy die steun van die kiesers kan verloor, en daarmee juis ook die mag wat vir hom onmisbaar is om vernuwing deur te voer.

Dit pas my nie om vir ander universiteite te praat nie, maar ek praat vir Stellenbosch. Ons het 'n plig teenoor ons maatskappy en ons gemeenskap. Kom, laat ons met Godsvertroue ons kragte aanbied - dosente, studente, oud-studente, vriende, almal - om 'n positiewe bydrae te lewer, sodat 'n gesonde, nuwe Suid-Afrika gebou kan word. Laat ons deelneem aan die vestiging van 'n tuiste waar, naas ander, die Afrikaner met behoud van sy beginsels sy plek ongeskonde sal behou, en waar hy sy ankers in eie bodem selfs nog dieper sal inplant. Vir ons universiteitsmense is die geleentheid daar; dit is veels te goed om deur die vingers te laat glip. ~~Want~~ Ook hiermee kan ons 'n harmonie tussen die belange van maatskappy en gemeenskap vind, wat ons werk werklik sinvol en besielend sal maak.

STELLENBOSCH

H. B. Th.

6 Mei 1983